



# PAARL-SKOOL

## NUUSBRIEF 3/2025



# PAARL SCHOOL

## NEWSLETTER 3/2025

Daar is 'n bekende Afrikaanse volksliedjie wat begin: **"Dis heerlike lente, die winter's verby..."**

Die lentegevoel het vinnig posgevat: dit is soggens vroeër lig, pragtige blommetjies versier tuine en velde, die weer is beslis 'n bietjie warmer en daar heers 'n algemene gevoel van vrolikheid onder ons leerders en personeel.

Ons leerders herinner my in baie opsigte aan sonneblomme. Daarom wil ek graag hierdie beeld gebruik om hul betrokkenheid by die verskillende aktiwiteite van die afgelope kwartaal te beskryf.

**"Sonneblomme draai uiteindelik na die son, maar hulle moet deur baie grond werk om hul pad daarheen te vind." – J.R. Rim**

Ons leerders se deursettingsvermoë, ten spyte van emosionele, fisiese of sosio-ekonomiese uitdagings, is sekerlik een van hul mees bewonderenswaardige eienskappe. Ek dink veral aan Moses Mohapi wat, ondanks talle uitdagings, uitgestyg het en 'n derde plek in die kategorie vir spesiale skole by die Nasionale INKAL Mondelinge Geskiedenis-kompetisie behaal het.

**"Hou altyd jou kop omhoog soos 'n sonneblom wat na die lig reik." – Malene Rossau**

Hierdie unieke eienskap — om lank en regop te staan — word bevestig deur die prestasies wat hierdie kwartaal op vele terreine behaal is. Ek is veral ongelooflik trots op ons leerders wat uitblink het op sport- en kulturele gebied, soos byvoorbeeld die koor en individuele deelnemers by die Paarl Vallei Eisteddfod, asook ons landloopatlete wat Wes-Kaap kleure verwerf het.

**"Blomme bekommer hulle nie oor hoe hulle gaan blom nie. Hulle maak net oop en draai na die lig toe, en dit maak hulle pragtig." – Jim Carrey**

Dit is altyd vir my 'n inspirasie om te sien hoe ons kinders die beste maak van elke geleentheid wat aan hulle gebied word. Een van my weeklikse hoogtepunte is die oorhandiging van die "Pêrel van die week-toekenning" aan leerders wat in hul onderskeie

afdelings die mees positiewe gedrag handhaaf. Net so is dit verblywend om te sien met watter nuwe energie en passie ons para-atlete aan hul onderskeie sportkodes deelneem.

**"Die sonneblom is die vreugdevolste van al die blomme in die natuur." – Laynni Locke**

Ons leerders se blymoedigheid en lewenslus is werklik aansteeklik. Besoekers merk dit telkens op, soos onlangs weer tydens Loslitdag. Hulle spontaniteit en entoesiasme het ook duidelik geblyk tydens aktiwiteite soos die Entrepreneursdag, uitstappies, die Lentedans en ander klasaktiwiteite.

**"'n Sonneblom leer ons soveel oor liefde." – Samrah Ahmad**


Met my daaglikse interaksies met ons leerders is ek telkens onder die indruk van hul onvoorwaardelike liefde en omgee — vir mekaar én vir ons personeel. Tydens daaglikse aktiwiteite is dit besonders opvallend hoe akkommodierend en geduldig hulle met mekaar omgaan.

Elkeen van ons is deur God op 'n spesifieke plek geplant, net soos 'n saad. Wanneer 'n saad in die regte grond geplant word, vorm dit wortels, word dit sterk, en blom dit uiteindelik pragtig. God het vanjaar 329 kinders en 120 personeellede hier by Paarl-skool geplant met 'n doel.

Soms wens ons dalk ons was êrens anders, met ander omstandighede of minder uitdagings. Maar God herinner ons dat dit nie gaan oor waar ons geplant is nie, maar oor hoe ons groei waar Hy ons geplaas het. Wanneer ons op Hom vertrou, naby Hom bly en Sy Woord ons lei, sal ons floreer.

Soos die sonneblom blom en skoonheid bring aan almal wat dit sien, bemoedig ons kinders ook diegene rondom hulle.

Paarl-skool groete

  
Annaline Norman  
Skoolhoof



*Veel meer as 'n skool / More than a school*





Alicia Pietersen



Zack Patience



# Hoofleiers

DERDE KWARTAAL

**TROTS**  
*op julle!*

## Waarde van die kwartaal



By Paarl-skool fokus ons gedurende die derde kwartaal op die waarde van omgee. Omgee is belangrik omdat dit mense nader aan mekaar bring, vertroue bou en sterk vriendskappe en verhoudings vorm. Dit help ook dat almal emosioneel ondersteun voel en dat hulle weet hulle hoort êrens. Wanneer ons omgee, leer ons om meer geduldig, empaties en verantwoordelik te wees. Dit maak ons gelukkiger, gee ons 'n doel en laat ons, en die mense vir wie ons omgee, beter voel.



## Paarl-skool verjaar



Op 18 Julie, tydens die skoolvakansie, het Paarl-skool sy 47ste verjaarsdag gevier! Die eerste week terug by die skool het ons die spesiale dag in styl herdenk. Die leerders het gewone klere gedra, almal het heerlike kolwyntjies geniet en ons het ook van ons oud-personeel terug verwelkom. Dit was 'n pragtige dag vol vreugde, lag en nostalgie, terwyl ons met dankbaarheid terug- en met opwinding vorentoe gekyk het. Gelukkige 47ste, Paarl-skool!



# Nasionale Onderwystoekennings



**WENNERS  
BAIE GELUK!**



Ons is trots om ons weners vir die Nasionale Onderwystoekennings aan te kondig! Ons skoolhoof, Annaline Norman, is in die Metro Oos Onderwysdistrik aangewys as wenner in die kategorie vir Spesiale Behoeftes Leierskap. Chantelle Carstens het eerste plek en Patricia van Rooyen derde plek behaal in Spesiale Behoeftes Onderrig. Chantelle Carstens is ook as wenner op provinsiale vlak aangewys. Die nasionale gala-aand vind tydens die Septembervakansie plaas en ons wens haar sterkte toe. Ons is ongelooflik trots op ons personeel; Paarl-skool kweek uitnemendheid!

## Landstdiens



Dit is met groot trots dat ons kan aankondig dat Johannes Vosloo en Gundu Mukwevho gekies is om die Wes-Kaap by vanjaar se Nasionale Kamp in Port Elizabeth te verteenwoordig. Tiago De Oliveria is as reserwe gekies. Die leerders het hierdie kwartaal 'n heerlike dagkamp en kunsmiddag geniet waar elkeen sy/haar eie potloodsakkie geverf het. Ons het ook wors gebraai om Erfenisdag te vier.







Die koor is vir die derde agtereenvolgende jaar onder die top 3 Spesiale Skool kore in die land. Hulle het gedurende die Julie-vakansie aan die nasionale ABC MOTSEPE SASCE (South African Schools Choral Eisteddfod) deelgeneem en 'n derde plek in hul kategorie behaal. Ons is baie trots op hulle.

## Eisteddfod

Van ons leerders het tydens Augustus en September aan die Paarl Vallei Eisteddfod deelgeneem in die volgende kategorieë: poëms, voordrag, senior sang, kreatiewe skryf en visuele kuns. Hulle het baie goed gevaar teenoor hulle hoofstroommaats. Die koor het 'n Silwer+ toekenning behaal vir hulle opvoering in die Paarl-stadsaal. Tussen hierdie talentvolle leerders het ons al sover 4 Cum Laude, 7 Goud+ en 3 Goue toekennings ontvang.



## INKAL Mondelinge Geskiedenisprojek

Vyf van ons leerders het aan die INKAL mondelinge geskiedenisprojek (Spesiale Skole kategorie) deelgeneem. Zintle Mcani was die naaswenner in die provinsiale been van die kompetisie. Moses Mohapi het die provinsiale kompetisie gewen en het die Wes-Kaap verteenwoordig in die nasionale kompetisie in Oos-Londen. Moses het ons almal trots gemaak met sy derde plek in die nasionale kompetisie.





# Sport



## Netbal

Hierdie netbalseisoen het baie opwinding en 'n reis van spanwerk en groei ingehou. By Jan Kriel Skool se sportdag het ons teen hul onder 16-span gewen, teen Bellville-Noord verloor en 'n sterk oorwinning van 15-2 teen Dunatos behaal. Die span was uitnemend met hul spel en het groot potensiaal getoon. Ons is werklik trots op julle.

## Landloop

Die landlooptligas het gedurende die derde kwartaal by verskeie skole plaasgevind, en ons atlete het hul merk gemaak! Ons is trots om aan te kondig dat vyf van ons leerders Cape Metro-kleure verwerf het, waarvan drie van ons dogters ook Wes-Kaap-kleure ontvang het! Hierdie drie talentvolle dogters is gekies om tydens die komende vakansie aan die Suid-Afrikaanse Landlooptkampioenskappe in Mpumalanga deel te neem. Ons is besonders trots op elke leerder wat hul harte uit geef en hierdie seisoen – jul toewyding, deursettingsvermoë en sportmangees is iets besonder.

WES-KAAP LANDLOOP:  
Zoë Ball, Megan de Jager, Hanriek Wessels



CAPE METRO:  
Zoë Ball, Megan de Jager, Hanriek Wessels,  
Ruwhaan Fielding, Seth Brown



## Skaak

Ons skool se skaakspan het hierdie kwartaal merkwaardige groei getoon. Al het hulle nie as 'n span enige liga-wedstryde gewen nie, het elke speler in die span wel van hulle wedstryde gewen. Die spelers het nuwe strategieë aangeleer en meer selfvertroue opgebou tydens elke wedstryd. Hulle toewyding het duidelik gewys, en die ervaring wat hulle opgedoen het, lê 'n sterk grondslag vir toekomstige sukses.





## Sokker

Wat 'n opwindende sokkerseisoen was dit nie! Ons spelers het die kans gehad om op die veld te wees, hul bewegings te wys en bowenal die pragtige spel saam met hul vriende te geniet. Almal het 'n beurt gekry om te speel en die energie en spangees was wonderlik om te sien. Ja, ons het dalk 'n hele paar wedstryde langs die pad verloor, maar dit het ons nooit gekeer om te glimlag, te juig en alles te gee nie. Elke wedstryd was 'n kans om iets nuuts te leer, en ons sien reeds daarna uit om ons vaardighede vir volgende seisoen te verbeter. By Paarl-skool weet ons dat ware winners nie nét diegene is wat die meeste doele aanteken nie. Ware winners is diegene wat met hulle harte speel, aanhou probeer, maak nie saak wat nie en pret langs die pad het – dit is presies wat ons leerders hierdie seisoen gedoen het!



## Koshuis

Die koshuis is heerlik bederf deur Shoprite Gebou 8 as deel van hulle Mandeladag-uitreik. Baie dankie aan Charmaine en haar span: die leerders het dit vreeslik geniet.



Conquesta is jaarlikse akademiese olimpiades wat in verskeie skole in Suid-Afrika en Namibië aangebied word. Paarl-skool neem trots sedert verlede jaar hieraan deel. Hierdie jaar het 18 van ons leerders uit die Grondslag-, Intermediêre en Senior Fases ingeskryf vir vakke soos tale, wiskunde, wetenskappe, bybelstudie, algemene kennis, kreatiewe kunste en robotika. Ons sien uit daarna om te sien hoe goed ons leerders in hierdie hoofstroom-kompetisie gevaar het. Die uitslae sal teen die einde van Oktober beskikbaar wees.



# Personeelontwikkeling

Die KS (kurrikulum spesialis)-personeel het hierdie kwartaal weer opleiding ontvang deur saam na 'n video-aanbieding te kyk, gelei deur Esmé Tucker. Die aanbieding het gefokus op leierskapsontwikkeling en was aangebied tydens die Global Leadership Summit in 2024. Die spreker was Dr Krish Kandiah en sy onderwerp was *How do you want to be remembered as a leader?*



”Krish is van mening dat vertroue die brandstof is wat leierskap moontlik maak en stel drie lofrede-waardes voor om ons te help om vertroue te bou: egtheid, kwesbaarheid en integriteit.”

Die nie-KS-personeel is bederf deur die Emosionele Versorgingskomitee met 'n geskenkpakkie en inspirerende woorde van oud-kollega, en deesdae pastoor, Sonja Goldberg. Die funksie is gehou om ons toegewyde klasassistentes en fasiliteerders te bedank vir hul harde werk, toewyding en die ongelooflike verskil wat hulle elke dag maak.



## Biblioteek

Augustus is 'n besige tyd in die biblioteek. Die biblioteek was vir twee weke gesluit vir ons jaarlikse voorraadopname. Baie dankie aan Jonita Willemse vir al jou hulp en ondersteuning. Ons is baie opgewonde oor al die nuwe boeke wat aangekoop is. Nou begin die groot werk – ons moet al die boeke regkry vir die leerders om te geniet. Hierdie kwartaal het ons Nasionale Boekweek gevier met die tema “Geletterdheid in die digitale era.” 'n Leesinspekteur en 'n feetjie het die klasse ontwrig met 'n leserskare (“reading mob”) waar alle skoolwerk tydens klastyd gestaak is om 'n storie te geniet. Die Intermediêre Fase het vir die leesinspekteur gewys hoe om tegnologie te gebruik om lees lekker te maak. Die Funksionele, Voorskoolse en Grondslagfases het vir hulle maats die mooiste stories gelees – ouskool uit 'n boek!! Die fases het ook boekmerke ontwerp. Die wenner se boekmerk sal as die templaar vir hulle faseboekmerk gebruik word. Die wenner is:

- Intermediêre Fase: Tannith Uytenbogaardt (Gr.6E)
- Funksionele Fase: Werksvoorbereiding 4
- Grondslagfase: Jana Jansen van Rensburg (Gr.3E)
- Voorskoolse Fase: Jonita Willemse (Gr.R opvoeder)

Baie geluk aan al die wenner!





# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Die Voorskoolse Fase het hierdie kwartaal oor verskeie opwindende temas geleer. 'n Hoogtepunt was ons tema oor padveiligheid, waar die arbeidsterapeute 'n interaktiewe padveiligheidsles in die skoolsaal aangebied het. Die Suid-Afrikaanse Metro Polisie het ons ook besoek. Die leerders was opgewonde om die polisiemanne (en -vroue) van naby te sien en om al die toerusting te verken wat hulle gebruik om ons gemeenskappe veilig te hou. Hulle het veral die demonstrasie met die polisiehonde geniet. Ons vier die lente en benut elke sonnige dag ten volle met buitenspel en leer in die vars lug.



## Grondslagfase

Die afgelope kwartaal was 'n besige en betekenisvolle tyd met talle nuwe ervarings en hoogtepunte. 'n Hartlike welkom aan Merishe Pieters en Delia Bester wat by ons aansluit as deel van die WKOD se inisiatief om werksgeleenthede te skep en assistente in skole te plaas.



Sukcesvolle koekverkoop! Hierdie geleentheid is altyd 'n hoogtepunt vir die leerders, aangesien dit vir hulle 'n praktiese manier bied om met geld te werk en finansiële vaardighede te ontwikkel. Ons wil graag ons opregte dank uitspreek aan al die ouers wat ons ondersteun het – u betrokkenheid word hoog op prys gestel.



Die Graad 1A-klas het gedurende die kwartaal meer oor verskillende beroepe geleer. As deel van die leerervaring het hulle die geleentheid gekry om waardering te toon teenoor ons terapeute en skoolhoof. Elke personeelid het 'n bederfpakkie ontvang en die leerders het persoonlike briefies aan die terapeut van hul keuse geskryf. Hierdie inisiatief het die kinders nie net waardevolle insig gebied nie, maar hulle ook geleer dat dit werklik meer vreugdevol is om te gee as om te ontvang.





## Intermediêre Fase

Te danke aan Lehandri de Necker is ons rakke vol boeke en ons lesers geïnspireer! Wêreldgeletterdheidsweek was 'n hoogtepunt, met leerders wat kleurvolle boekmerke gemaak het om die vreugde van boeke te vier.



Tiaan Koch het veiligheid op koers gehou met gereelde ontruimingsoefeninge wat verseker dat ons leerders weet wat om in enige situasie te doen.



Kevin Marais het leerders gemotiveer met Pêrelklub-balkies en seker gemaak dat al ons leerders voel dat hulle "behoort".

Aan die stuur is ons kaptein, Alet Marais, wat ons deur toetse en uitdagings begelei. Haar toewyding verseker dat elke leerder die kans kry om te skitter.



Elsabé Pienaar het gesorg dat ons hardlopers blom! Van fiksheid in die klas tot prestasies in wedlope, het sy ons aan die beweeg gehou.




Ronel van Dijk integreer kuns naatloos met skoolwerk en het weereens kreatiewe en noodsaaklike inspirasie op 'n magiese manier na Paarl-skool gebring.

Sheldon Cummins het ywerig saam met ons sokkerspelers gewerk sodat hulle in hul sportmanskap op en van die veld af, uitblink.

## Funksionele Fase

In die Funksionele Fase leer ons funksionele vaardighede op 'n praktiese manier aan. Dit is groot pret! Die D:CAPS kurrikulum gaan nie net oor akademiese prestasie nie, maar ook oor die vorming van goed afgeronde individue wat voorbereid is om betekenisvol tot die samelewing by te dra. Die temas wat ons in die klas ondersoek, moedig persoonlike groei verder aan. In kwartaal 3 het ons die konsep van vervoer bestudeer. Leerders het verskillende vervoermiddels geïdentifiseer en dit vergelyk met dié wat in die verlede gebruik is. Hulle het ook geleer hoe belangrik dit is om voetgangers, fietsryers, basiese padtekens en die toegewyde mense wat ons gemeenskappe dien en beskerm, te erken. Ons het geleer van die gevare wat besoedeling, elektrisiteit en giftige stowwe vir mense kan inhou. Op hierdie manier doen onderwys meer as om kennis te bou – dit vorm verantwoordelike, ingeligte en sorgsame individue.





## Senior Fase

Dié besige kwartaal was propvol nuwe dinge en geleenthede. Monique Hougaard is reeds tien jaar deel van die Senior Fase, maar ons is verheug om haar sedert 1 Julie ons departementshoof te kan noem. Ons wens haar net die beste toe!

Nog 'n hoogtepunt wat vir opwinding in die fase se gang gesorg het is die splinternuwe "Student Spotlights" bord. Leerders se top akademiese-, sport- en kultuurprestasies word daarop vertoon.



Die Senior Fase en Werksvoorbereiding het ook vir die eerste keer 'n Lentedans gehou. Daar is met groot geesdrif op ou en nuwe treffers gedans. Ons sien uit na nog vele danse in die toekoms!

Die fase se leerders kon hulle entrepreneursvernuf tydens die jaarlikse Entrepreneursdae wys. Die leerders het baie kreatief die wye verskeidenheid produkte bemark en uitgestal. Dit was die Graad 7's se heel eerste Entrepreneursdag en hulle het hul uitstekend van hul taak gekwyt.

## Werksvoorbereiding

Die Werksvoorbereidingsfase Ope Dag is op 23 Augustus by die skool gehou. Die doel van die sessie was om ouers voor te berei en in te lig oor die fokus en benadering van hierdie fase. Aanbieders het die Hoof van die Funkisionele Fase Departement, 'n arbeidsterapeut, sielkundige, maatskaplike werker, geregistreerde verpleegkundige en fisioterapeut ingesluit, wat almal waardevolle inligting gedeel het.



Ons kwartaallikse koffiewinkel was weereens 'n groot sukses! Dit is heerlik om gaste te ontvang en ter selfde tyd leer ons leerders van kos voorberei, barista-vaardighede en om gaste te bedien. Ons kunsprodukte word ook in die winkeltjie verkoop.



Werksvoorbereiding 3, 4 en 5 klasse was na die Iziko Planetarium vir 'n lekker uitstappie - die beste manier om te leer.





# Ondersteuningspan

Paarl-skool se terapeutespan het gedurende die afgelope kwartaal twee uitreike na Watsonia Primêr in Wallacedene onderneem. Suster Sandrè Jordaan, saam met een van ons fisioterapeute, Petronette Basson, het opleiding aangebied aan 40 opvoeders van Watsonia Primêr oor die mediese ondersteuning en hantering van leerders met epilepsie. Die opvoeders is toegerus met kennis en vaardighede om hierdie leerders binne die skoolomgewing doeltreffend te ondersteun, sodat hul veiligheid, insluiting en akademiese vordering bevorder kan word. Die arbeids- en fisioterapeute het ook Watsonia Primêr besoek om ondersteuning te bied met die optimalisering van sitposisies vir Graad R-leerders in die klas. Ons terapeute het die interaksie met die onderwysers en leerders baie geniet. Praktiese raad en aanbevelings is gedeel. Paarl-skool se terapeute het groot waardering en bewondering vir die waardevolle werk wat hierdie onderwysers verrig.



## Loslitdag

Op Vrydag, 5 September was Paarl-skool gevul met opwinding, gees en pret! Ons het Loslitdag voluit gevier – die leerders het hul harte uit gespeel, gedans en elke oomblik geniet. Daar was heerlike speletjies, 'n kleurvolle herwinningsmodeparade, vrolike danspassies en natuurlik die gewilde bederfpakkies wat almal laat glimlag het. 'n Dag vol vreugde en saamwees wat ons nog lank sal onthou!





### Wie is ons?

Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is 'n nie-winsgewende geregistreerde organisasie.

### Wat doen ons?

Die PSOS ondersteun die skool finansiëel. Dit verhoog ook bewustheid oor die skool se behoeftes en die uitdagings van kinders met gestremdhede. Die PSOS dien dus as 'n brug tussen weldoeners en die skool, wat dit vir almal maklik maak om te help.

### Hoekom doen ons dit?

Paarl-skool is grootliks afhanklik van die ruimhartigheid van korporatiewe donateurs, besighede en die gemeenskap om aan sy behoeftes te voldoen.



Een van ons leerders, Dianthé Ungerer, het vir ons sakke en sakke vol skoon plastiekdoppies ingesamel! Baie dankie, ons is BAIE bly daarvoor! Hierdie is een van die PSOS se fondsinsamelingsprojekte en ons is altyd dankbaar as ons doppies ontvang.



Lojaliteitsprogram verander



Na



**MY DIFFERENCE**

Herregistreer asb. op die Woolworths toep en kies "Paarl School Brackenfell"

### Die Woolworths MySchool Lojaliteitsprogram het geskuif na MyDifference.

Die afgelope 18 jaar het ons hard gewerk om ons MySchool-ondersteuners op te bou. Met hierdie verandering gaan ons die volgende verloor:

- Al ons huidige ondersteuners
- 'n Belangrike maandelikse bron van inkomste
- Baie ure se harde werk

Ons vra dus dat u asseblief sal herregistreer:


1. Laai die Woolworths-toep af
2. Kliek op "Loyalty → Causes"
3. Kies "Paarl School Brackenfell"

U samewerking hiermee word opreg waardeer.



# Dankie!

Baie dankie aan elke persoon of instansie wat ons die afgelope kwartaal ondersteun het. Ons waardeer elke donasie, Pick-a-Pearl borgskap, losliddagplakker wat gekoop is en elke woord van aanmoediging. Met u ondersteuning het die Paarl-skool Ontwikkelingstigting die broodnodige opgradering van Paarl-skool se fasiliteite geborg – wat 'n veiliger en verwelkomende omgewing vir al ons leerders skep. Ons waardeer hierdie gemeenskap van omgee ongelooflik baie.







## Loslitdag

Loslitdag, die Nasionale Raad vir persone met gestremdhede se fondsinsamelings en bewustheidsveldtog is op Vrydag 5 September by Paarl-skool gevier. Ons waardeer elke persoon, skool en besigheid wat vir Paarl-skool met hierdie projek ondersteun het!

## Lojaliteitsprojekte

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met **SchoolDays** (Dis-Chem) en **MyDifference** (Woolworths) kaarte. Maak gerus vir Paarl-skool - Brackenfell u begunstigde indien u nog nie het nie en laat wai met die "swipes"! Baie dankie, Schooldays en MyDifference, vir die maandelikse donasies wat Paarl-skool van u ontvang.

Klik op  
ikoon om te  
registreer

## Sosiale media

Volg ons op **Facebook** en **Instagram** vir interessante Paarl-skool stories, nuusbrokkies asook waardevolle en nuttige inligting.



Klik op  
ikoon om  
te volg



## MEMO

### Korporatiewe donasies

Die PSOS is 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.



## Pick-a-Pearl

Met hierdie projek kan instansies spesifieke behoeftige leerders se skoolfonds, busgeld of koshuisgeld borg. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan ook hiervoor uitgereik word.



## Webwerf

Besoek die Paarl-skool Ontwikkelingstigting se webwerf!

<https://www.paarlschooldf.com/>

Klik vir  
webwerf

## Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien 'n lekker geldjie hiermee!



## Kontakbesonderhede

**Martie Wilmot:**

[ontwikkeling@paarlskool.org.za](mailto:ontwikkeling@paarlskool.org.za)

**Elizbè van der Colff:**

[psos@paarlskool.org.za](mailto:psos@paarlskool.org.za)



021 981 3756



071 972 2967

**Paarl Skool School**

Ontwikkelingstigting  
Development Foundation

